

VERGIFNIS 2

“Maar as ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.” 1 Johannes 1:9

Vir die kind van God is hierdie woorde miskien die belangrikste woorde om ter harte te neem – juis omdat ons so onvolmaak is. Daaglik is het ons vergifnis en reiniging van ons ongeregtighede nodig!

Die waarborg vir bogenoemde belofte is geseël in Jesus se bloed. Terwyl Hy aan die kruis vasgespyker is, het Jesus hierdie bekende woorde gebruik: ***“Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!” Hulle het sy klere verdeel deur te loot. Die volk het daar gestaan en kyk. Hulle raadslede het Hom ook uitgelag en gesê: “Ander het hy gered. Laat hy homself red as hy die Christus is wat deur God uitverkies is.”*** (Lukas 23:34-35)

Jesus het weereens met hierdie woorde Goddelike krag en gesag openbaar. Onderwyl Hy (onregverdig) die hoogste vorm van liggaamlike, emosionele en geestelike pyn moes verduur, het Hy nie ge-aarsel om vergifnis te vra en te gee vir hulle wat Hom gekruisig het nie.

’n Wonderlike voorbeeld van Goddelike vergifnis! En tog het die skare wat by die kruis gestaan het geen besef gehad van ware vergifnis nie. Hulle blatante verwerping van Jesus se liefde en vergifnis is sekerlik die mens se grootste fout – ’n fout wat soveel mense vandag nog begaan!

Daar is meer krag in vergifnis as wat ons baiekeer besef. Daarom, deur nie te vergewe nie, veroorsaak ons meer skade as wat ons dink. ’n Onvergewensgesindheid is soos ’n kanker wat die hele mens opvreet, liggaam, verstand en siel. Dis asof die woorde en/of aksies van ander mense teen ons, ons gedagtes en hele wese inval en al hoe sterker besoedel en beseer. Ons kan nie ontslae raak van ons verkeerde gedagtes van haat en nyd nie, en naderhand beïnvloed hierdie gedagtes ons hele leefwyse.

Ware vergifnis is ’n goddelike aksie, deur Sy Heilige Gees bekragtig. Vergifnis stel ons vry van die krag van wat gesê of gedoen is. Wonderbaarlik word die kwaad wees, frustrasie en haat wat deur ’n onvergewensgesindheid gehuisves word, vervang deur God se liefde en genade. Vergifnis is ’n essensiële deel van ’n persoonlike en intieme verhouding met Koning Jesus en indien daar ’n onvergewensgesindheid openbaar word kan met reg gesê word dat intimiteit met God verbreek is.

Die Here Jesus het die kruis die plek van vergifnis gemaak! Hy is nie op die kruis vermoor nie, Hy het vrywilliglik Sy lewe daar neergelê en dit het die wêreld verander! ***“Die Vader het My lief omdat Ek my lewe aflê om dit weer op te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek van my Vader ontvang het.”*** (Johannes 10:17-18)

Kom ons sluit vandag ’n verbond met Koning Jesus om Sy voorbeeld te volg en om mense te vergewe. So ’n verbond sal intimiteit met God bevorder. Dit beteken nie dat ons verkeerde woorde of aksies goedkeur nie – ons vergewe! Dit beteken wel dat ons liggaamlike en geestelike gesondheid nastrewe.

Hemelse Vader, U vergifnis is vir ons oorweldigend en ons besef dat om te kan vergewe, net deur U is want U verander die hart – dit wat donker was is nou lig! Weerhou ons asseblief van onvergewensgesindheid en verander ons deur die krag van U Heilige Gees.

ONTDEK DIE KRAG VAN VERGIFNIS EN VERANDER DIE WÊRELD OM JOU!